



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2011

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
  - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die
  - rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ×
  - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD = × en die rede/motivering/aanhaling verdien nie ŉ punt nie ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/ aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ... .
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ŉ hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien ŉ antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

| VRAAG 1: Verhoudings wat kan werk (Tydskrifartikel) [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2010] | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DV** |
| 1.1 | • Wanneer jy weet wie jy is<br>• Wanneer jy jouself goed ken<br>• Wanneer jy seker van jouself is<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 2 | 1 |
| | | | | | |
| 1.2.1 | • Onwaar | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 1.2.2 | • As jou meisie of kêrel nie van jou hou soos wat jy is nie, dan is dit nie die regte persoon vir jou nie.<br><br>(EEN SIN) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 1.3 | • Jy kan jou (eie) identiteit/persoonlikheid verloor.<br>• Jy word 'n ander persoon/soos jou maat.<br>• Jy kan ophou om te wees wie jy is.<br>• Wees versigtig, want op hierdie manier kan jy jou eie identiteit maklik verloor.<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 2 | 1 |
| 1.4 | • bang wees/(be)vrees<br>• frustrasie<br>• ongelukkigheid<br><br>(Enige TWEE) | 2 | 2 | 2 | 1 |
| 1.5.1 | • Jou maat sal voel en beleef dat hy/sy belangrik is.<br>• Dit beteken baie vir jou maat.<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 1 | 1 |
| 1.5.2 | • Jy kan, byvoorbeeld, gaan kyk hoe jou maat aan sport deelneem.<br>• Jy kan jou maat komplimenteer oor sy/haar klere/hare, ens.<br><br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 1.6 | As daar **altyd** 'n ongelukkigheid (in julle saamwees) is.<br><br>(Of soortgelyk in eie woorde) | 1 | 2 | 2 | 1 |
| | | | | | |
| 1.7 | • Vriende **kies** (maklik) **kant**.<br>• As jy bang is vir jou maat se vriende.<br><br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 | 1 | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.8 | • Persoonlik (1)<br>• Die skrywer gebruik woorde soos "jy" en "jou"/spreek die leser aan/praat met die leser. (1)<br><br>(Of soortgelyk) | 2 | 2 | 3 | 1 |
| | | | | | |
| 1.9 | Huisgenoot. | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | **[13]** |

**VRAAG 2:** ***Perfek*** **deur Jaco Jacobs & Nicolene Louw.**
***Die No. 1-Vrouespeuragentskap*** **deur Alexander McCall Smith.** (Boekresensies)
[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Julie 2010]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DV |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | jongmense | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | | | | | |
| 2.2 | • bekende<br>• jeugskrywer<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 2 | 1 |
| | | | | | |
| 2.3.1 | • Waar | 1 | 2 | 2 | 3 |
| 2.3.2 | • propvol humor<br><br>(TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 2.4 | A/vir haar die beste sal pas. | 1 | 2 | 3 | 3 |
| | | | | | |
| 2.5 | • Ja.<br>• 'n Mens se uiterlike voorkoms weerspieël jou innerlike.<br><br>(Of soortgelyk)<br><br>**OF**<br>• Nee.<br>• 'n Mooi voorkoms waarborg nie 'n mooi persoonlikheid nie.<br><br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 | 3 | 3 |
| | | | | | |
| 2.6 | • Dit is **goedkoop**.<br>• Dit is **goedkoper** (as by die uitgewer).<br>(Aanvaar ook net "goedkoop".)<br><br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 3 | 3 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.7 | • die hele wêreld<br>• in Afrikaans vertaal<br><br>(Enige EEN: DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE) | 1 | 2 | 1 | 1 |
| | | | | | |
| 2.8.1<br><br>2.8.2 | • Onwaar<br><br>• "Dit verander nie haar geloof in die goedheid van die mens nie."<br><br>(EEN SIN) | 1<br><br><br><br>1 | 2<br><br><br><br>2 | 1<br><br><br><br>1 | 3<br><br><br><br>3 |
| | | | | | |
| 2.9.1<br>2.9.2 | • 'n Mening<br>• Dit is die skrywer van die resensie se eie gevoel/ opinie/mening.<br>• Dit kan vir sommige lesers 'n heerlike boek wees om te lees.<br>• Vir ander lesers kan dit miskien nie 'n heerlike boek wees nie.<br><br>(Of soortgelyk) | 1<br><br><br><br>1 | 2<br><br><br><br>2 | 2<br><br><br><br>2 | 3<br><br><br><br>3 |
| | | | | | **[12]** |

| **VRAAG 3: Kos wat jou goed laat voel** (Advertensie)<br>[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2010] | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **DV** |
| 3.1 | D knoffelbrood | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 3.2 | C vis | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 3.3 | B serotonien | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 3.4 | E sjokolade | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | |
| 3.5 | A liefdadigheid | 1 | 2 | 2 | 3 |
| | | | | | **[5]** |

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4: SUKKEL JY OM TE STUDEER? (Tydskrifartikel)

**[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 14 Mei 2010]**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien 'n poging in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. 'n Opsomming in die **verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING)**
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. 'n Volsin het 'n werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

**PUNTETOEKENNING**

| ALGEMEEN | PUNTE |
|---|---|
| - Feite | 7 |
| - Taal | 3 |
| - Formaat verkeerd | Minus 1 |
| - Getal woorde nie aangedui/verkeerd | Minus 1 |

| TAAL | PUNTE |
|---|---|
| 1 – 3 feite korrek | 1 |
| 4 – 5 feite korrek | 2 |
| 6 – 7 feite korrek | 3 |

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

| | |
|---|---|
| **F** | 7 |
| **T** | 3 |
| **Ft** | −0 |
| **W** | −0 |
| **=** | 10 |

| **SUKKEL JY OM TE STUDEER?<br>Dan moet jy leer hoe om te leer.<br>Hier volg ’n paar WENKE wat jou sal help** | |
|---|---|
| **DIREKTE AANHALING** | **MOONTLIKE VERWERKING** |
| 1. Vir skole is die akademie belangrik en daarom bied hulle die volgende wenke aan leerders. | • Geen wenk nie. Slegs ’n inleidende paragraaf. |
| 2. Dit is baie belangrik dat jy vaste studietye by die huis het om die werk wat in die klas gedoen is, te hersien. Dan hoef jy nie bang te wees as die tyd kom om vir toetse of eksamens te studeer nie. | • Jy moet (vaste) **studietye** hê. |
| 3. Jy moet ’n spesifieke plek in die huis hê waar alles bymekaar is waar jy jou skoolwerk kan doen. As hierdie plek georganiseerd is, sal jy nie nog tyd mors om te soek na notas of boeke nie. | • Jy moet in ’n **spesifieke/ georganiseerde plek** studeer.<br><br>(Of soortgelyk) |
| 4. ’n Goeie hersieningsrooster bepaal jou eksamensukses, maar net as jy daarby hou. As jy by ’n goeie hersieningsrooster hou, help dit jou om die idee van “eet die olifant happie vir happie” te volg. | • Jy moet ’n **hersieningsrooster volg.** |
| 5. Daar word jaarliks winter- of lenteskole aangebied waar leerders klasse bywoon om hersiening te doen. Dit is baie belangrik dat leerders in graad 10 tot 12 gedurende vakansies hierdie klasse bywoon. | • Jy moet gedurende vakansies **winter- of lenteskole/klasse** bywoon (om hersiening te doen). |
| 6. Alhoewel skoolgaande jongmense tyd moet hê om saam met vriende te ontspan, behoort daar vasgestelde reëls te wees. Hierdie reëls moet bepaal hoe laat jy gaan slaap en hoe laat jy mag uitbly. | • Daar moet **vasgestelde inkom- en slaaptye** wees. |
| 7. Skoolbywoning is net so belangrik, want die klaskamer is die plek waar jy die beste leer as jy met aandag luister. As jy afwesig is, verloor jy 6 tot 7 periodes per dag wat jy baie moeilik kan inhaal. | • Jy moet gereeld **skool bywoon.**<br>**OF**<br>• Jy **moenie afwesig** van skool wees **nie.** |
| 8. Enige probleme wat jou aandag aftrek, sal jou konsentrasie verminder. Die geheim is dus om ontspanne te wees terwyl jy leer. | • Wees **ontspanne** terwyl jy leer. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**WOORDSTRUKTURE**
- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**
- Die **ge- moet as EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

**VRAAG 5: *Nashua Mobile*-ADVERTENSIE**
[Verwerk uit: *Sarie, Desember* 2009]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DV |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | selfone ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik meervoudsvorm korrek. | 1 |
| 5.2 | maklik ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik antonieme gepas. | 1 |
| 5.3 | bv. ✓<br>(Die punt op die korrekte plek is noodsaaklik. | 1 | 4 | 1: Gebruik alledaagse afkortings. | 2 |
| 5.4 | apparaatjie ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik verkleining korrek. | 1 |
| 5.5 | vier ✓ | 1 | 4 | 1: Herken /onderskei homofone. | 2 |
| 5.6 | erken ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik woorde wat verwar korrek. | 2 |
| 5.7 | Hulp **was** onmiddellik beskikbaar. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik verlede tyd korrek. | 1 |
| 5.8 | • doodbang<br>**OF**<br>• vrekbang ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik intensiewe vorm korrek. | 2 |
| 5.9 | jou ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik besitlike voornaamwoord korrek. | 2 |
| 5.10 | **Wat** kan jy slegs by *Nashua Mobile* koop**?** ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik vraagsinne korrek. Vraagwoord begin die vraag. **Vraagteken** aan **die einde van die sin**. | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.11 | • *C-Track ICE* **word deur *Nashua Mobile* bekend gestel/bekendgestel**.<br>**OF**<br>• *C-Track ICE* **word bekendgestel/bekend gestel** (**deur *Nashua Mobile***).<br>**OF**<br>• *C-Track ICE* **word bekend-gestel/bekend gestel**. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik passief/lydende vorm korrek. | 2 |
| 5.12 | • Bekommerde ouers **sal** gerus **voel** oor hulle kinders.<br>**OF**<br>• Bekommerde ouers **gaan** gerus **voel** oor hulle kinders.<br>**OF**<br>• Bekommerde ouers **sal** gerus oor hulle kinders **voel**.<br>**OF**<br>• Bekommerde ouers **gaan** gerus oor hulle kinders **voel**.<br>(ENIGE EEN) | 1 | 4 | 2: Gebruik toekomende tyd korrek. | 1 |
| 5.13 | nuutste ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik die oorteffende trap korrek. | 2 |
| 5.14 | Ma sê**:** **“**Neem jou *C-Track ICE* saam wanneer jy uitgaan**. ”** | 2 | 4 | 2: Gebruik punktuasie korrek. 1 punt vir aanhalingstekens op die regte plek. Die dubbelpunt en punt op die regte plek verdien die 2de punt. | 2 |
| 5.15 | aan ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik die voorsetsel korrek. | 1 |
| 5.16 | As jy in die moeilikheid is, behoort jy **te** bel. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief, **behoort** ... **te** + ww. | 2 |
| 5.17 | wakker maak ✓ | 1 | 4 | 2: Identifiseer en gebruik idiomatiese taal korrek. | 2 |
| 5.18 | Jou familie voel gerus, omdat **jy dadelik opgespoor kan word**. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif na einde van sin. | 2 |

**[19]**

**VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL**
[Verwerk uit: *Sarie*, Desember 2009]

| VR. | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DV |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Nelson Mandela sê dat [**hy sy** ✓ vyande] [**vergewe het**. ✓] | 2 | 4 | 2: Gebruik indirekte rede korrek. Voornaamwoorde verander: ek > **hy**; my > **sy**; werkwoord aan die einde van die sin na **dat** (vgw. 3). | 2 |
| 6.2 | • Al die mense in Suid-Afrika **kon in 1994 in die demokratiese verkiesing stem**. ✓ **OF** • Al die mense in Suid-Afrika **kon in 1994 stem in die demokratiese verkiesing**. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik gepaste woordorde in sinne sonder om die betekenis te verwring. | 1 |
| 6.3 | waarmee ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik voornaamwoorde korrek: **wat + met > waarmee**. | 2 |
| 6.4 | verniet ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik gepaste sinoniem. | 2 |
| 6.5 | *Tsotsi* is **nie** as die beste buitelandse rolprent aangewys **nie**. ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik die ontkennende vorm korrek. | 2 |
| 6.6 | sangeres ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik die geslagsvorm korrek. | 1 |
| 6.7 | bekende ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik die korrekte verbuiging van die b.nw. | 2 |
| 6.8 | Suid-Afrikaner ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik die korrekte afleiding van die woord. | 2 |
| 6.9 | leier ✓ | 1 | 4 | 2: Gebruik woorde wat verwar korrek. | 2 |
| 6.10 | • ses-en-twintig **OF** • ses en twintig ✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik die korrekte skryfwyse vir telwoorde. | 2 |
| 6.11 | Sy het haar been verloor, **nogtans het sy** ✓in die gewone Olimpiese Spele in Beijing geswem. | 1 | 4 | 2: Gebruik voegwoorde akkuraat. **Werkwoord** in 2de sin skuif in **na voegwoord groep 2**. | 2 |
| 6.12 | hartoorplanting ✓ | 1 | 4 | 2: Vorm een woord deur 'n **afleiding** te gebruik. | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.13 | • Mense soos wie jy wil wees. ✓<br>**OF**<br>• Mense na wie jy opsien/ respekteer.<br>**OF**<br>• Mense wat vir jou 'n voorbeeld stel.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 4 | 3. Ontleed en verduidelik betekenis/konnotasie.<br>LW. Die kandidaat mag nie bloot skryf dat dit modelle met rolle is nie. | 3 |

**[14]**

**VRAAG 7: GRAPPIE** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2010]

| VR. | MEMORANDUM | PUNT | LU | AS | DV |
|---|---|---|---|---|---|
| 7.1 | wenner ✓ | 1 | 4 | 2: Omskryf een woord. | 3 |
| 7.2 | • Die vrou sê: "[**Ek** het 'n leer in **my** ✓kous] [**gekry**.✓]"<br>**OF**<br>• Die vrou sê: "[**Ek** het 'n leer] [**gekry** ✓] [in **my** kous.✓]"<br>(Beide vnwe. korrek = ✓ ww. in korrekte posisie =✓**)** | 2 | 4 | 2: Gebruik direkte rede korrek. Verander **sy > ek** en **haar > my**. Stelling met ww. voor of na die voorsetselgroep. | 3 |
| 7.3 | vir✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik die korrekte voorsetsel. | 1 |
| 7.4 | • huil**end**<br>**OF**<br>• huil**ende**✓ | 1 | 4 | 2: Vorm deelwoord korrek. | 2 |
| 7.5 | A/Hoera✓ | 1 | 4 | 1: Gebruik uitroep korrek. | 2 |
| 7.6 | Byvoorbeeld:<br>• Die vrou het met die **leer** opgeklim boontoe.<br>• Die leerlinge **leer** hard vir die toets. ✓<br>(Enige relevante sin waar **leer** iets anders beteken as ***leer in 'n kous***) | 1 | 4 | 2: Identifiseer en gebruik homonieme korrek. | 3 |

**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou